

MAART 2018

Praktiese implikasies ten opsigte van BTW koers verhoging vir besighede

Tans is die feit dat die BTW koers vanaf 1 April 2018 van 14% na 15% verhoog alom bekend en klink dit eenvoudig om vanaf 1 April 2018, die BTW op fakture dienoreenkomstig te verhoog. Wanneer mens na die praktiese implikasies vir besighede kyk, ontstaan daar heelwat vrae en verhoogde administrasie vir ondernemings.

Vrae wat ontstaan is:

- Is my rekeningkundige program aanpasbaar? Is 'n addisionele BTW kode vir 15% geskep? Is my personeel opgelei om te weet wanneer watter kode gebruik moet word?
- Is al die pryse op winkelrakke, katalogusse, webtuistes verhoog? Hoe gaan ek te werk om op 31 Maart 2018 die pryse nog met 14% BTW te toon en op 1 April 2018 teen 15%?
- Wat gebeur as my besigheid se gebruik is om byvoorbeeld fakture vir dienste gelewer in April 2018, teen 15 Maart uit te maak. Dink spesifiek hier aan bestuursfooie en huurgelde. Teen watter koers moet die faktuur van 15 Maart uitgemaak word en is my span gereed om dit so aan kliente te verduidelik.
- Wat gebeur met kredietnotas wat in April 2018 uitgereik word, maar van toepassing is op aankope gedurende Maart 2018? Teen watter koers word die kredietnota se BTW uitgemaak?
- Wat van "settlement discounts" waar aankope van Maart 2018 byvoorbeeld teen 25 April 2018 betaalbaar is en 'n korting van 2.5% geneem kan word. Teen watter koers gaan die inset van die korting geeis word, 14 of 15%?
- Hoe gaan my besigheid se BTW opgawe gedoen word as die periode Maart/April 2018 is, met ander woorde een maand teen 14% en die ander teen 15%?
- Indien daar 'n bestaande kontrak met kliente is wat bepaal teen watter prys dienste gelewer word, kan die BTW koers dan verhoog word en sodoende die kontrakprys verhoog?

Eerstens moet daar gekyk word na die *tyd van lewering*. Wanneer daar 'n belasbare lewering deur 'n ondernemer gedoen word, gaan die koers wat gebruik word bepaal word deur die algemene reel ten opsigte van **Tyd van lewering**. Normaalweg word die tyd van lewering geag die **vroegste** van:

Datum van faktuur; of

Datum van betaling

Daar is egter sekere transaksies waar bogenoemde algemene reel nie van toepassing is nie, byvoorbeeld transaksies ten opsigte van vaste eiendom en met verbonde persone. Wanneer u dus moet bepaal, na 1 April 2018, watter BTW koers van toepassing is, kan u werk teen die 15%, mits daar 'n spesifiek reel ten opsigte van tyd van lewering op die transaksie van toepassing is.

Wanneer ondernemings adverteer of kwotasies doen, moet die prys BTW insluit. Alle rakpryse in winkels moet ook die totale prys wees. Ten einde die oorgang te vermaklik en uself tyd te gee om pryse in winkels reg te stel, kan u 'n kennisgewing prominent op rakke en by betaalpunte sit, wat bepaal dat pryse nie BTW teen nuwe voorgeskrewe koers van 15% insluit nie en dat die prys by die betaalpunt reggestel sal word. Al hierdie kennisgewings moet teen 31 Mei 2018 verwyder word en alle pryse in die winkel moet dan die nuwe koers insluit.

Wanneer daar gekyk word na die tyd van lewering reëls, sou dit beteken dat 'n faktuur van 15 Maart 2018, ten opsigte van bestuursfooi vir April maand teen 14% gehef moet word. *Of dalk nie.* Die gewysigde BTW wet maak ook voorsiening spesifieke reëls ten opsigte van koerse. Hiervolgens moet BTW teen 14% gehef word as die diens gelewer of goedere gelewer is voor 1 April 2018. Bogenoemde gaan egter nie van toepassing wees indien die diens eers April 2018 gelewer gaan word maar faktuur of betaling voor 1 April 2018 gelewer word nie. (sien algemene reël van lewering hierbo) Dus sou die faktuur wat 15 Maart 2018 uitgemaak word vir bestuursfooi vir April 2018, reeds BTW teen 15% moet insluit.

Verder is daar ook spesifieke reëls ten opsigte van lewerings wat oor 'n tydperk voor April 2018 tot na April 2018 gelewer gaan word. Op 'n regverdigte metode moet 'n toedeling gedoen word om die eksklusiewe prys te verdeel in gedeelte van diens gelewer voor 1 April en dan gedeelte na 1 April. Baie belangrik is dat hierdie reël nie van toepassing op die lewering van vaste eiendom is nie.

'n Verdere reël is van toepassing op transaksies waar die tyd van lewering tussen 21 Februarie en 1 April 2018 is. Indien goedere byvoorbeeld teen 23 April gelewer gaan word, maar die faktuur en/of betaling geskied teen 31 Maart 2018, gaan die BTW koers 15 % moet wees. Let daarop dat daar ook hier spesifieke uitsonderings op die reël is byvoorbeeld as dit die gewone besigheidspraktyk van die onderneming is om fakture uit te maak en betalings te ontvang, voordat goedere gelewer word.

Wanneer die verkoop van vaste eiendom ter sprake is en die registrasie vind plaas na 1 April, kan die transaksie steeds aan 14% BTW onderworpe wees, **mits** die kontrak voor 1 April onderteken is, die betaling en registrasie na 1 April sal plaasvind en die kontrak voorsiening maak dat die koopsom BTW inklusief is.

Sorg moet ook gedra word met kanselasies van bere-koop transaksies wat na 1 April 2018 sal plaasvind, om te verseker teen watter koers die kanselasie hanteer moet word.

Indien 'n klient na 1 April 2018 goedere terugstuur, sal die kredietnota teen 14% uitgereik moet word, indien die aankope voor 1 April 2018 was.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die BTW opgawes vir 'n tydperk nog transaksies teen 14 en 15% gaan insluit.